AFRIKAANS

GRATIS

# ANTWOORDGIDS

## 4 x Gr.8's @ Planeet XOX

Onderrigmateriaal deur Anneke Butler en Corné Erasmus




HUISTAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 8

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# ANTWOORDGIDS

# 4 x Gr.8's @ Planeet XOX

Graad 8 Huistaal

Anneke Butler
Corné Erasmus

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk.

Vasco Boulevard, Goodwood, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika
Posbus 12119, N1-stad, 7463, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. is 'n filiaal van
Oxford University Press, Great Clarendonstraat, Oxford OX2 6DP.

Die Press, 'n departement van die Universiteit van Oxford, bevorder die Universiteit se doelwit van voortreflikheid in navorsing, vakkundigheid en onderrig deur wêreldwyd te publiseer in

Oxford New York

Auckland Dar es Salaam Hongkong Kaapstad Karatsji
Koeala Loempoer Madrid Melbourne Mexikostad Nairobi
Nieu-Delhi Shanghai Taipei Toronto

Met kantore in

Argentinië Brasilië Chili Frankryk Griekeland Guatemala Hongarye
Italië Japan Die Oekraïne Oostenryk Pole Portugal Singapoer Suid-Korea
Switserland Tsjeggiese Republiek Turkye Viëtnam

Oxford is 'n geregistreerde handelsmerk van Oxford University Press
in die Verenigde Koninkryk en sekere ander lande.

Gepubliseer in Suid-Afrika
deur Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., Kaapstad

**4 x Gr.8's @ Planeet XOX Antwoordgids**
978 0 199 04814 4

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

Die morele regte van die skrywers word gehandhaaf.
Databasisregte Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. (skepper)

Eerste uitgawe 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder dat skriftelike verlof vooraf van Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. verkry is, gereproduseer of in 'n stelsel vir inligtingsbewaring geberg word of op enige wyse weergegee word nie, tensy soos uitdruklik deur die wet toegelaat, of kragtens ooreenkoms met die geskikte organisasie vir reprografikaregte. Rig enige navrae ten opsigte van reproduksie benewens bogenoemde aan
Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., by die adres bo.

Hierdie boek mag nie in enige ander gebonde vorm of met enige ander omslag gesirkuleer word nie, en dieselfde voorwaarde moet op enige aanskaffer geplaas word.

Uitgewer: Rudi MR Venter
Besturende redakteur: Zanri Kritzinger
Redakteur: Kobus Geldenhuys & Haidee Kruger
Omslagontwerper: Samantha Rowles & Judith Cross
Omslagillustreerder: Yvonne Robinson

Geset in 10.5 pt op 11 pt Times New Roman deur Zanri Kritzinger

# Inhoud

**Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite** (per hoofstuk)


Hoofstuk 1: Ma se macaroni .................................. 1

Hoofstuk 2: Die meisie .......................................... 4

Hoofstuk 3: XOX ................................................... 6

Hoofstuk 4: Die ontploffing .................................. 9

Hoofstuk 5: Die oorsaak ........................................ 11

Hoofstuk 6: ’n Trekkerrit ...................................... 14

Hoofstuk 7: Steak, aartappels en groente ............. 16

Hoofstuk 8: ’n Stil begin ....................................... 19

Hoofstuk 9: Noodresies ......................................... 21

Hoofstuk 10: Wenners ........................................... 23

Hoofstuk 11: Planeet Huis ..................................... 25

Pretaktiwiteite om die verhaal te hersien ............... 28

**Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae**

Voorgestelde antwoorde vir
Formele assessering 1 ........................................... 29

**Assesseringsriglyne vir langvrae**

Instruksies en wenke............................................. 31

Kontrolelys ......................................................... 31

Voorgestelde antwoorde vir
Formele assessering 2 ........................................... 33

Rubriek vir assessering van langvraag .................. 34

# Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite

Gebruik die voorgestelde antwoorde in hierdie afdeling as memorandum vir die aktiwiteite om leerders te assesseer. Die antwoorde is per hoofstuk en volgens die leesproses (pre-lees, tydens lees en post-lees) georganiseer. Die antwoorde dien as riglyn vir assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe en moedig leerders aan om self die teks te interpreteer en hul antwoorde uit die teks te motiveer.

## Hoofstuk 1: Ma se macaroni

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel van die hoofstuk suggereer 'n gesins- of 'n familie-opset.
- Let op na die alliterasie in die titel.
- Die titel skep die verwagting dat iemand se ma macaroni gaan maak. Dit skakel ook met die illustrasie, waar die ma met 'n glimlag 'n bak kos voor drie seuns neersit. Die seuns lyk egter nie bly oor die macaroni nie. Ons kan dus verwag dat Ma se macaroni nie juis besonder lekker is nie.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a SOS. XOX.
  b SOS is ’n kreet om hulp. XOX kan ook soentjies wees wat jy aan die einde van ’n boodskap stuur. (Eie toepaslike verduideliking.)
  c Die boodskap het drie keer in drie dae verskyn.

2 Toe Henk inkom, hou die verteller aan met sy eie dinge en hy steur hom nie veel aan Henk nie. Daarteenoor kyk hy dadelik op toe sy ma praat.

3 Die stelling is onwaar, want die verteller sê dat daar dalk ’n paar sokkies in “ons” kamer is. Hy deel ’n kamer met Christof.

4 Die verteller staan altyd versigtig van sy stoel af op, want hy sê dat hy dit oudergewoonte doen.

5 “warra-warra”.

6 “bleek lagie” en “drillerige hopie”.

7 Die verteller probeer ’n entjie verder weg van Henk af sit, want Henk klap hom altyd op sy rug.

8 Hulle pa is ontsteld, want wurms eet sy tamatieplante op.

9 Henk sê hy het heeldag sport, Christof het Wiskunde-Olimpiade en Bernard sê hy het klaar gehelp met die tamaties en pampoene.

10a Christof bedoel dat hyself slim is. Christof sê iets oor homself (dat hy in graad 8 een van die bestes was) en hy sê iets van Bernard (dat Bernard nie een van die bestes in graad 8 is nie).
b Bernard is nou in graad 8.

11 Die Natuurwetenskappe-onderwyser se bynaam is Snorre.

12a Bernard se eerste fout was dat hy genoem het dat hy en die meisie naby aan mekaar bly.
b Sy tweede fout was dat hy nie haar selfoonnommer geneem nie.
c Die derde fout was dat hy haar na sy huis oorgenooi het en dít oor aandetetyd.

13a Bernard se pa is verbaas dat 'n meisie vir hom kom kuier.
b Henk klap hom op die rug en sê: "Go, Bernie!"
c Christof sê: "Cool, boetman!" Hy het begin dink Bernard is 'n alien.

14 Bernard se hemp klou aan sy rug vas, want hy sweet van senuwees.

15 Henk is goed in sport. Christof blink uit in Wiskunde en Natuurwetenskappe. Ons weet nog nie baie van Bernard nie, maar ons vermoed hy stel in sterre en planete belang, omdat hy opgewonde was toe hy gehoor het dat die nuwe meisie van Sutherland af kom. Hy sit ook voor die rekenaar, wat suggereer dat hy van rekenaars hou.

# Hoofstuk 2: Die meisie

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Aan die einde van die vorige hoofstuk het die voordeurklokkie gelui en Bernard het gesê dit is ’n meisie.
- Dit lyk in die illustrasie of Bernard en die meisie iets op ’n rekenaar gaan doen of kyk.
- Agtergrondinligting oor die *Curiosity Rover* waarvan gelees word: Die *Curiosity Rover* is ’n ruimtetuig-robot wat ongeveer so groot soos ’n kar is. Hierdie robot is op 26 November 2011 deur NASA na Mars gestuur om die rooi planeet (Mars word soms so genoem) te ondersoek. Die robot het op 6 Augustus 2012 op Mars geland ná ’n reis deur die ruimte van 563 000 000 km.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Ameera is verlig toe Bernard die deur oopmaak, want sy was nie seker of sy by die regte huis opgedaag het nie.

2 Die Tegnologie-projek is Christof s’n, die sportsak en rugbytoks is Henk s’n, en die rekenaar is Bernard se gunsteling.

3 Bernard het voorheen aan atletiek deelgeneem. Hy was ’n kortafstandatleet (100 en 200 meter).

4 Hy het hierdie jaar nie deelgeneem nie, want hy het twee jaar na mekaar ’n dyspier geskeur – eers die linkerbeen s’n en toe die volgende jaar die regterbeen s’n.

5 Ameera se sport is om te skerm.

6 Terwyl hy na die Wiskunde-huiswerk kyk, sien Bernard ’n paar skribbels.
- Hy sien iets wat soos ’n kat of drakie lyk.
- Hy sien stokmannetjies.
- Hy sien ’n paar xox’e.

7 Die kruisies en kringetjies beteken soentjies en drukkies vir Ameera. In die titel word daar na ’n planeet verwys.

8 Snorre se stem is eentonig en dreun soos ’n grassnyer. Hy verduidelik so goed soos ’n grassnyer, met ander woorde baie sleg. Hy is vervelig en nie so ’n goeie onderwyser nie.

9 Ameera vertel vir Bernard sy en haar gesin kom van Sutherland af. Hy is beïndruk daarmee, want die reuse-teleskoop is daar en Ameera het al deur die teleskoop gekyk.

10a “Whou.”
b Haar oë skitter wanneer sy dit sê.

11 Bernard en Ameera stel albei in die ruimte belang.

12 “SOS. XOX.” verskyn weer op die skerm.

13 Nee, Ameera steur haar nie aan die woorde in die raampie nie. Sy dink aan ’n webwerf wat sy vir Bernard wil wys.

14 Bernard kom agter dit voel of hy nog die bril op het – asof hy in die virtuele wêreld agtergebly het.

15 ’n Teken dat Bernard effe bang raak, is dat hy benoud na Ameera roep.

16 Hy sien niks aan die einde van die hoofstuk nie. Dit word net donkerder.

## Hoofstuk 3: XOX

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Jy het XOX nou al op ’n paar plekke gesien.
- Die titel van die novelle bevat XOX en uit die titel kan ons aflei dat dit die naam van ’n planeet is.
- Ameera het x’e en o’s in haar boek gemaak.
- ’n Mens verwag dat Bernard en Ameera deur die virtuele brille op Planeet XOX beland het. Ons sal moet verder lees om ons vermoede te bevestig.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur

die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die geluid wat Bernard eerste hoor, is ’n gezoem.

2 ’n Paar punte wat die vreemde omgewing illustreer:
- Die lug is ligpers.
- Die son het ’n groen skynsel.
- Die gras is goudgeel.
- Daar is geel bome.
- Daar is snaakse geel koepels.

3 Bernard sien twee vreemde skraal wit figure (een met pers en een met ’n geel skynsel). Albei is kaalkop en hulle het yslike swart oë, fyn neuse en breë monde.

4 Bernard is stom verbaas toe die pers wese wegdraf, want op sy rug staan “XOX”.

5 Ameera sit die oorproppies eerste in.

6 Ons weet Bernard is baie beïndruk met die oorproppies, want hy herhaal die woord “whou”.

7 a Dit is ironies dat die aliens hulle bedank, want hulle het nie uit vrye keuse gekom nie.

b Die aliens het hulp nodig tydens hulle jaarlikse interskole.
c Hulle het Hare iets hoor sê.
d Hare is een van die aliens se onderwysers.

8 Zip en Zap is in graad (a) *agt* en is 'n (b) *tweeling*. Zip het 'n (c) *geel* kleur en is 'n (d) *meisie* en Zap het 'n (e) *pers* kleur en is 'n (f) *seun*.

9 Die aliens het vreemde name wat vinnig gesê moet word. Die name sê vir ons hulle doen dinge baie vinnig, en gewoonlik saam – die twee se name klink of dit saam hoort.

10a Ameera het die geel apparaatjie gekry.
b Bernard het die pers een gekry.

11 Op XOX was daar vir duisende jare (a) oorloë. Net voor die tweeling gebore is, het die leiers (b) vrede gemaak. Van toe af kon net die (c) tieners besluit of 'n provinsie oorlog gaan maak of nie. In daardie jaar, (d) sestien jaar gelede, het die planeet met die (e) interskole begin.

12 Die vreemde gediertes wat Bernard en Ameera sien, is:
- reusagtige spinnekoppe
- goed wat lyk soos robotte
- groen mense
- mense met swart en wit strepe
- drie bere en 'n meisie met goue hare.

13a Provinsie 15.
b Die drie sprokies waarna verwys word, is:
- Rooikappie
- Sneeuwitjie
- Gouelokkies en die drie bere.

14a Ameera is nie lus vir haar item nie. Haar ma is 'n haarkapper en wil hê Ameera moet ook een word, maar sy wil nie.

b Bernard hou nie van Wiskunde nie. Hy was nie goed genoeg om aan die Olimpiade deel te neem nie, so hy is nie lus om hier op Planeet XOX met somme te sukkel nie.

## Hoofstuk 4: Die ontploffing

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die titel van die hoofstuk skep die verwagting dat iets gaan gebeur.
- Die titel verwys na 'n ontploffing en dit klink ernstig.
- Zip en Zap vermoed die hele tyd daar gaan iets sleg gebeur.
- Hulle vermoede is heel moontlik reg as mens na die titel van die hoofstuk kyk.
- In die illustrasie loop Bernard tussen die stalletjies by die interskole rond. In die agtergrond sien ons die Wiskunde-stalletjie.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a “Praat van pret ...”
  b Die ellips wys die sin is sarkasties bedoel, want Bernard glo hy is nie goed in Wiskunde nie.

2 Bernard dink dit is vreemd dat die aliens die onderwyser “Hare” noem, want hy het nie hare nie, maar ’n pienk snor.

3 Snorre en Hare het albei snorre en albei is onderwysers van wie die kinders nie baie hou nie.

4 a “Dis of ’n sak ysblokkies by my rug af gly.”
  b Die korrekte Afrikaanse uitdrukking hiervoor is: Ek voel ’n koue rilling langs my ruggraat af.

5 Hare verklaar die “nuwe kleure” as nuwe deelnemers.

6 Zap dink Hare wonder wat die tweeling hom vroeër hoor sê het.

7 a Warmkatte is ’n broodjie met ’n worsie in.
  b Op Aarde word dit ’n *hot dog*, worsbroodjie of warmbrak genoem.

8 Die toffietone is dalk iets soos toffie-appels. (Leerders se eie sinvolle voorstelle.)

9 Bernard is vies wanneer hy sy kaartjie vir die Wiskunde-speletjie kry, want dit suggereer dat hy dom is.

10 Die deelnemers kry ’n groen strepie op die keel as teken dat hulle ingeskryf is.

11 Tydens die Wiskunde-speletjie verbaas Bernard homself wanneer hy die somme regkry.

12 ’n Oorverdowende knalgeluid onderbreek die Wiskunde-speletjie.

13 Bernard besef Zip en Zap werk by die warmkat-stalletjie en hulle het dalk iets oorgekom.

14 Beskrywing en karakter:

| | |
|---|---|
| 14.1 | B |
| 14.2 | G |
| 14.3 | C |
| 14.4 | D |
| 14.5 | F |
| 14.6 | E |
| 14.7 | A |

## Hoofstuk 5: Die oorsaak

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- In die vorige hoofstuk het ons van die ontploffing gelees.
- Wanneer ons na die titel van die hoofstuk kyk, verwag ons om agter te kom wie verantwoordelik is daarvoor – wat die oorsaak is.
- Hare kan moontlik verdink word. Zip en Zap voel heeltyd ongemaklik; dit voel vir hulle of Hare hulle dophou. Hulle het per ongeluk iets gehoor wat Hare gesê het.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 “draf, swenk, stoot, beur”.

2 Bernard is ontsteld, want hy sien nie ’n teken van Zip of Zap nie.

3 Volgens die blou man lyk dit of die sous te warm geword het en toe het die stalletjie ontplof.

4 a Hare sit heel moontlik agter die ontploffing.
b Twee leidrade wat ’n mens laat dink Hare is die skuldige:
- Hare het gevra of Zip en Zap nie by die warmkat-stalletjie moet werk nie.
- Zap vermoed Hare weet dat hy en Zip hom vroeër gehoor het.

5 Dit lyk of die blou man ook skuldig is. Hy hou aan om te sê dit was die sous se skuld – so asof hy iets wil toesmeer.

6 Die aliens het Ameera se hare soos ’n gekleurde kerktoring op haar kop gestapel.

7 Bernard dink Zip en Zap was gelukkig, want hulle was toevallig weg toe die ontploffing plaasgevind het.

8 Bernard se woorde na die ellips in “anders ...” is waarskynlik “... anders was hulle dood”.

9 Wanneer Zip kwaad of opgewerk word, gloei haar wange oranje.

10 Zap verdink Hare van alles wat gebeur het.

11 Zip en Zap het Hare oor die foon hoor sê dit is tyd om te baklei vir net een leier van die planeet sodat almal weet wie belangrik is en wie nie. Hy het ook gesê hulle kans om dit te doen is tydens die interskole.

12 Op Aarde word twee mense aan mekaar vasgemaak om aan ’n driebeenresies deel te neem. Twee van hulle bene word aan mekaar vasgemaak. Op XOX neem vreemde wesens met drie bene elk hieraan deel.

13 Bernard het gedink hulle moet hardloop met die bal-aflos, maar hulle gooi die bal net aan.

14 Twee bewyse dat Bernard ongemaklik voel, is:

- Iets kriewel in sy nek, en toe oor sy hele lyf.
- Daarna voel dit asof ’n ysige windjie oor hom waai.

15 Die wese wat Bernard dink hy gesien het, was ’n maer ligpers alien met ’n groen snor onder sy neus.

# Hoofstuk 6: ’n Trekkerrit

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Wanneer ons dink aan Planeet Aarde, is dit maklik om onsself in te dink wat ’n trekkerrit is.
- Alles is vreemd en anders op XOX – daarom kan jy ook verwag die trekkerrit sal iets wees wat jy nie verwag nie. Die illustrasie van ’n ruimtetuig bevestig hierdie verwagting.
- ’n Trekkerrit suggereer ook dat hulle dalk iewers heen gaan ry – hoe vreemd en anders die trekkerrit ookal gaan wees.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Bernard het gewoond geraak aan die vreemde plek waar hulle is, want hy kry nie meer ’n koue gevoel naby die spinnekoppe nie.

2 a Die toffietone is ronde koekringe met toffie bo-op.
b Mense op Aarde noem so iets oliebolle of *doughnuts*.

3 Ameera se ouers is onbetrokke, afsydig en stel nie regtig in haar belang nie.

4 Bernard verwag ’n plaastrekker.

5 Die een ooreenkoms tussen die geel voertuig en ’n trekker is dat die stoele skud.

6 Die spinnekoppe wen elke jaar die muurklim.

7 Die aliens bêre hulle rekenaars in ’n klein velsakkie onder hulle ribbes wat oop- en toerits.

8 Dit is dalk ’n teken van aliens wat slegte karaktertrekke het.

9 Ameera dink dit is danksy die oorgoedjies dat hulle die hond kan verstaan.

10 Die hond se naam is Zorro.

11a Die aliens deel ook kamers soos wat Bernard en Christof doen.
b Bernard en Zombie is albei lief vir rekenaars.
c Zombie en Henk is albei afknouerig. Albei klap maklik na ander.

12

| a VERSKILLE | |
|---|---|
| **Kolom A: Aarde** | **Kolom B: Planeet XOX** |
| Gewone mense met hare | Vreemde mense met kaalkoppe, en allerhande ander kreature |
| Diere kan nie praat nie | Diere kan praat |
| Atletiek soos ons dit ken | Vreemde items tydens interskole |
| **b OOREENKOMSTE** | |
| **Kolom A: Aarde** | **Kolom B: Planeet XOX** |
| Interskole | Interskole |
| Slegte en goeie mense | Slegte en goeie mense |
| Huislike atmosfeer (kinders wat verskil van mekaar) | Huislike atmosfeer (kinders wat verskil van mekaar) |

## Hoofstuk 7: Steak, aartappels en groente

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Hierdie hoofstuk het ’n verwysing na kos ... lekker kos.
- As jy terugdink aan Hoofstuk 1, sal jy onthou daar was ’n verwysing na Bernard se ma en haar macaroni.
- Die reuk van die gekookte kos is vir Bernard baie aangenaam. In die eerste paar reëls van die hoofstuk gaan ons lees dat sy mond water.
- Albei illustrasies wys ’n ma wat vir haar kinders kos bedien en ’n pa wat met ’n iesegrimmige uitdrukking by die vertrek inkom. Op Aarde lyk die kinders nie lus vir die kos nie, maar op Planeet XOX is hulle gretig om weg te val en te eet. Net Bernard lyk bekommerd oor die kos op Planeet XOX.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Bernard se reuksintuig word eerste geprikkel toe hy in die kombuis kom.

2 “My mond begin sommer water.”

3 a Die tannie maak die dis deur water uit ’n beker in ’n groot vierkantige bak te gooi en dit met ’n wit lepel te roer.
b Dit ruik na vleis en aartappels.
c Dit lyk soos vaalgroen mieliepap.
d Bernard dink eers dit is die voorgereg.

4 “druipstert”.

5 Bernard en Ameera verstaan dat dit wat hulle ruik, nie voorgesit gaan word nie. Hierdie groen pap is wat hulle gaan kry, al ruik dit na vleis en aartappels. Hulle verstaan dat dit ’n soort aanmaakpap met verskillende geure is.

6 a Zap se pa sê: “Geld groei nie op my kop nie.”
b Die korrekte idioom is: “Geld groei nie op my rug nie.”
c Dit beteken “Ek is nie ryk nie. Ek het nie geld om te mors nie. Ek moet werk vir my geld.”

7 Die gesin se name begin almal met ’n Z.

8 Die beeld verander ewe skielik. ’n Polisieman en -vrou maak of dit ’n poets was en dat daar geen rede tot kommer is nie.

9 Die naam klink amper net soos die Suid-Afrikaanse dorpsnaam Nababiep. Die skrywer wys hiermee nog ’n ooreenkoms tussen die twee planete.

10 Toe Zip en Zap se ma vertel dat daar jare gelede ’n bende was wat almal snorre gehad het, het dit dadelik vir die graadagts duidelik geword dat hulle ook nou met ’n snorbende te doen het.

11a Bernard weet hy het ook ander aliens met snorre gesien.
b Hy dink aan die man met die groen snor wat die graadagts afgeloer het en die trekkerbestuurder se oranje stoppelsnor.

12 Bernard raai Ameera dink hulle sal môre warmkatte by die interskole kan eet.

13 Lei ’n groepgesprek oor hoe meer parallelle tussen Aarde en XOX duidelik word. Laat leerders nog voorbeelde soek en die kolomme wat hulle reeds het, aanvul. (Sien Hoofstuk 6, vraag 12).

| a VERSKILLE | |
|---|---|
| **Kolom A: Aarde** | **Kolom B: Planeet XOX** |
| Mense eet regte kos | Mense eet pap was soos regte kos gegeur is |
| Kristal word nie gebruik om elektrisiteit op te wek nie | Kristal word gebruik om elektrisiteit op te wek |
| Geboue kan nie verdwyn nie | Geboue kan verdwyn |
| **b OOREENKOMSTE** | |
| **Kolom A: Aarde** | **Kolom B: Planeet XOX** |
| Mense het yskaste en stowe | Mense het yskaste en stowe |
| Mense kyk televisie | Mense kyk televisie |
| Pa's kla oor geld | Pa's kla oor geld |

## Hoofstuk 8: 'n Stil begin

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Dit lyk asof die aliens resies gaan hardloop, en Bernard lyk baie bekommerd oor iets.
- Die uitdrukking beteken 'n pouse of rustigheid voor daar onrus of moeilikheid kom.
- Baie keer raak mens net gerus voor iets sleg weer gebeur.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk

gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Die polisie het net vir Zip en Zap gelag, toe hulle vertel van Hare en die warmkat-stalletjie se ontploffing.
  b Die oom en tannie (hulle ouers) het met hulle geraas.

2 Ons weet dat Bernard onrustig is, want hy rol rond en kan nie slaap nie.

3 Vir ontbyt kry hulle wit pap met die geur van jogurt, eier en roosterbrood.

4 Bernard is honger, want sy mond begin water toe hy dink aan ’n warmkat en ’n toffietoon.

5 Die ellips word gebruik om te wys hulle kan mekaar ewe skielik nie meer hoor nie. Die dialoog is leeg.

6 Bernard en Ameera kom in die hoofgebou op ’n hoop broodjies af.

7 Hulle weet die tannie by die broodjies moet ouerig wees, want die swart strepe in haar hare begin grys word.

8 Hulle is versigtig vir die skerpsous, want dit het dalk die vorige dag die ontploffing veroorsaak.

9 As jy 'n knop in jou keel het, kan jy nie praat nie. Jy is aangedaan, is baie emosioneel en voel asof jy wil huil.

10 Dit is duidelik dat die aliens die byeenkoms vreeslik geniet, want die skare gaan mal, die deelnemers spring op en af en selfs die verloorders lyk opgewonde.

11a Zip en Zap is onsteld en omgekrap.
b Hulle kom van die tegniese ouens af en die kabels was verkeerd gebind. Dit beteken daar sou later die dag 'n kortsluiting gewees het.

12 Die titel van die hoofstuk praat van 'n stil begin, maar die spanning laai op. 'n Stil begin kan ook verwys na die klank wat af was en die stilte wat toe geheers het. Die titel kan ook verwys na die stilte voor die storm – voor die groot moeilikheid kom.

## Hoofstuk 9: Noodresies

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Jy weet dit is die dag van die interskole en dat die vier nuwe vriende soontoe gegaan het.
- Dit is nie vreemd om 'n resies by so 'n interskole-byeenkoms te verwag nie.
- Bespreek die verwysing na "nood" in die titel.
- Die verwysing na "nood" in die titel verhoog die spannings-lyn. As ons al die gebeure tot dusver inreken, kan ons verwag dat iemand dalk in nood kan verkeer.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander

woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die kinders soek op die internet na ’n bende van dertig jaar gelede wat snorre gehad het.

2 a Die korrekte Afrikaanse idioom is: “Dit is so stil jy kan ’n speld hoor val.”
b Drie intensiewe vorms vir hierdie betekenis is “tjoepstil”, “doodstil” en “grafstil”.
c Die variasie van die idioom is baie gepas in hierdie konteks, want hulle is bang en sweet dalk van spanning.

3 Ameera dink sy het iets gehoor wat soos die robotjies klink.

4 ’n Sinoniem vir “nommer” is “item”.

5 Ameera verdwyn en kom dan terug met een van die lang aflosstokke.

6 Bernard se lyf word weer koud, want Hare praat met hom.

7 ’n Ligpers alien met ’n tenk op sy rug en ’n masker op sy gesig kry vir Zip aan die arm beet.

8 Almal juig, want Bernard het gewen en ’n nuwe rekord opgestel.

9 Lei ’n klasgesprek oor ooreenkomste en verskille tussen die twee planete, en laat leerders hulle lyste dan aanvul. Gebruik dieselfde lys wat gebruik is by Hoofstuk 6, vraag 12 en weer by Hoofstuk 7, vraag 13. Vul die lys met ooreenkomste en verskille uit hierdie hoofstuk aan.

## Hoofstuk 10: Wenners

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die vorige hoofstuk het geëindig waar Bernard die wedloop gewen het en selfs ’n nuwe rekord vir die interskole op XOX opgestel het.
- Die titel van die hoofstuk verwys na wenners in die meervoud.
- Die vier vriende probeer om die raaisel van die snorkomplot op te los en ons hoop dat hulle dit regkry. Hulle sal wenners wees as hulle die skurke aan die pen kan laat ry.
- Die karakters in die illustrasie is die polisie, die bere, die robotte en Ameera. Die polisie lyk soos die wenners.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur

die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Zip was spierwit in die vorige hoofstuk. Nou begin sy weer ’n liggeel kleurtjie kry, wat vir ons wys sy is nie meer so bang nie.

2 Ameera is so geskok dat sy haar aflosstok laat val.

3 “knor”.

4 Hare se hand voel vir Bernard yskoud en klam.

5 a Daar is die vorige aand oor die nuus aangekondig dat ’n kristal-aar in die robotte se provinsie ontdek is.
b Die bere wil die kristalle hê.

6 Die robotte wil die geld aan ander provinsies skenk om skole en hospitale te bou.

7 Bernard bedoel eintlik dat sy ribbes gebreek is en dat dit vrek seer is.

8 Drie feite wat die meisie met die een wit oog en die een swart oog vir Bernard en Ameera vertel:

- Die polisie het tenke vol gif in die groen hok gekry.
- ’n Bende is gevang.
- Hare is in hegtenis geneem.

## Hoofstuk 11: Planeet Huis

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die vorige hoofstuk eindig met die woorde “En skielik is alles swart”.
- Uit die realiteit van die verhaal kan jy reeds verwag dat hulle weer terug huis toe gaan, aangesien hulle op dieselfde manier op XOX beland het.
- Die titel van die hoofstuk bevestig jou vermoede dat hulle terug is huis toe ... na Planeet Huis (of Planeet Aarde).

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Alles lyk vir Bernard vreemd, want hulle is nou gewoond aan hoe dit op XOX lyk.

2 Bernard en Ameera besef hulle moet huis toe gaan, maar hulle bly staan, want hulle hou baie van mekaar.

3 ’n Paar dinge wat vir Bernard nuut en anders lyk:
- Die son is vir hom vreemd.
- Die grond lyk vreeslik bruin op die sypaadjie.
- Die graspolle is onverwags groen.
- Die helderheid van die blomme.
- Die hoekigheid van die huise.

4 Bernard se ouers het niks agtergekom nie, want hy en Ameera het dalk teruggekom na Planeet Aarde op ’n tyd voor hulle weggegaan het – dus op ’n tyd voor hulle vermis geraak het.

5 Bernard besef hulle eet eers vanaand macaroni; dit is nou nog steeds Woensdag.

6 a Bernard verwys na Christof as Meneer Einstein.
b Ja.
c Hy weet Christof is nie so slim as wat hy voorgee nie, want sy antwoord op die een som is verkeerd.

7 a Henk noem vir Bernard “kleinsus”.
b Henk probeer Bernard seermaak of sê dat hy ’n papbroek of sissie is.
c Henk wou Bernard op sy rug klap.
d Bernard gryp Henk se pols net voor sy hand Bernard se skouer tref. Bernard waarsku hom om dit nooit weer te doen nie.

8 Bernard dink nie vanaand se macaroni gaan te sleg wees nie.

9 Bernard besluit hy gaan Ameera vra om hom Saterdag te kom help met die groentetuin.

10 Snorre is dalk op Planeet XOX. (Of enige aanvaarbare antwoord.) Leerders se eie gedagtes oor of die einde hulle verras het, al dan nie.

11 Lei ’n klasgesprek oor die boodskappe en lesse wat in die verhaal na vore gekom het.
Leerders behoort uit te kom by die besef dat dit wat ’n mens het, nie so sleg is as wat ’n mens dink nie. Mens wil soms heeltemal te maklik dinge anders hê terwyl dit wat jy het tog die lekkerste is. Leerders kan ook uitkom by die idee dat dit belangrik is om in jouself te glo. Moenie dat ander jou vertel dat jy iets nie kan doen voor jy nie eers probeer het nie.

12 Lei ’n bespreking oor Bernard se karakter.
Verwys na hoe Bernard aan die begin van die verhaal was: sy een boetie het hom fisiek geboelie en die ander een het hom minderwaardig laat voel.

Op XOX het hy dapper en sterk opgetree, kon die Wiskunde alles regkry en het die rekord gebreek. Hy het ook die skurke help vastrek.

Aan die einde van die verhaal staan hy op teen beide broers. Hy waarsku Henk om hom nie weer op sy rug te klap nie en laat Christof verstaan dat hy een van sy somme verkeerd gedoen het.

Bernard het ook deur die gebeure op XOX tot groter insig in homself gekom. Dit wat hy het is tog toe nie so sleg as wat hy gedink het dit was nie. Sy ma se macaroni sal vanaand sommer baie lekkerder smaak en hy beplan om Ameera te vra om Saterdag saam met hom sy pa in die groentetuin te help.

Bernard se karakter het dus deur die verloop van die verhaal gegroei.

## Pretaktiwiteite om die verhaal te hersien

1 Woord en beskrywing:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | F | 1.2 | H | 1.3 | I | 1.4 | B |
| 1.5 | C | 1.6 | D | 1.7 | G | 1.8 | J |
| 1.9 | E | 1.10 | A | | | | |

2

| **Kolom A: Goeie karakters** | **Kolom B: Slegte karakters** |
|---|---|
| Bernard, Ameera, Zip, Zap, Zorro, die robotte | Henk, Christof, Snorre, Hare, die blou man, Zombie, die bere, die man met die groen snor, die trekkerbestuurder |

3 Oplossing vir die blokkiesraaisel:

Dwars:

**1** Zorro; **8** tamatieplante; **9** slagtande; **10** voorgereggie

Af:

**2** rekenaarspeletjies; **3** aartappels; **4** boontjies;
**5** ruimtereisigers; **6** haarkapper; **7** tegnikus

# Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae

Behandel die volgende **instruksies** en **wenke** vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van kontekstuele vrae.

- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los 'n reël oop tussen elke antwoord.

## Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering 1

Die antwoorde hieronder dien as riglyn vir die kontekstuele vrae in Formele assessering 1. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe, mits dit uit die teks gemotiveer is.

1 a Bernard het in atletiek uitgeblink. Hy was 'n naelloper. (1)

b Snorre is die Natuurwetenskap-onderwyser. (1)

c Bernard ril as hy aan Snorre se naam dink, want hy hou glad nie van hom nie. (1)

d Ameera het op 'n Woensdag by Bernard-hulle opgedaag. (1)

e Bernard en Ameera het op Woensdag weer "teruggekeer" na die aarde. (1)

f Bernard se pa was besig om onkruid uit te trek. (1)

g Die gesin het die aand voordat Bernard en Ameera "verdwyn" het macaroni geëet. (1)

h Die aand toe hulle terugkeer, het die gesin macaroni geëet. (1)

i Eie antwoord met toepaslike motivering. (2)

2 a Die verskille tussen Hare en Snorre: Hare woon op Planeet XOX en hy is boos; Snorre woon op Planeet Aarde en hy is kwaai, maar nie boos nie. Hare lyk soos die ander aliens, en sy snor is pienk. Hy is kaalkop soos die res van die aliens. Die ooreenkomste tussen Hare en Snorre: Albei is onderwysers en die kinders hou nie baie van hulle nie. (2)

b Die twee byname is gepas, want Snorre het ’n snor en Hare is ook kaalkop soos die ander aliens, maar hy het ’n pienk snor (hare onder sy neus). (2)

c Ameera is perfek vir die haarkappers, want sy het hare wat ongewoon is op XOX en daarom kan hulle dit soos ’n gekleurde kerktoring opdoen. (1)

3 a “Is daardie mense so gebore of so geverf?” Bernard.

b “Daar is die coolste website waar mens ’n speletjie kan speel.” Ameera.

c “Iemand moet spaar hier rond. Die pampoene het darem mooi opgekom.” Bernard se pa.

d “Go, Bernie!” Henk.

e “Blikemmer, jy is reg. Hoe op aarde het jy dit geweet?” Christof. (5)

**[Groottotaal: 20 punte]**

# Assesseringsriglyne vir langvrae

## Instruksies en wenke

Behandel die volgende instruksies en wenke vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van die langvraag.

- Kies EEN vraag om te beantwoord.
- Beplan eers jou antwoord voor jy die paragraaf skryf.
- Daar moet minstens twee aanhalings wees.
- Let op na korrekte volgorde van gebeure.
- Skryf netjies en leesbaar en redigeer jou werk.
- Gebruik die kontrolelys om jou te help.

Herinner leerders daaraan dat hul antwoord aan die vereiste van die aantal woorde moet voldoen: vir Graad 8, ’n paragraaf van 120–140 woorde.

## Kontrolelys

Behandel ook die kontrolelys op die volgende bladsy om seker te maak dat leerders dit verstaan en gebruik by die beantwoording van die langvraag. Leerders moet oefen om hulle eie werk te kontroleer voordat hulle dit inhandig vir formele assessering. Die kontrolelys verskyn ook in die novelle sodat leerders dit kan gebruik.

| **Interpretasie van vraag, begrip van inhoud van novelle en motivering** (12 punte) | **Struktuur van antwoord, logika van argument en taalversorging** (8 punte) |
|---|---|
| **Interpretasie van vraag** | **Struktuur van antwoord** |
| Het jy die vraag deeglik gelees en seker gemaak jy verstaan presies wat gevra word? | Het jy jou antwoord deeglik beplan? |
| Het jy sleutelwoorde in die vraag onderstreep om seker te maak jy antwoord wat gevra word? | Het jou antwoord 'n duidelike begin, middel en slot? |
| **Begrip van die novelle se inhoud** | **Logiese vloei van argument** |
| Het jy die novelle deeglik bestudeer en ken jy die inhoud goed? | Is die argument in jou antwoord duidelik en logies? |
| Het jy gaan soek vir die dele uit die verhaal wat van toepassing is op die vraag en dit weer deeglik gelees? | Volg jou argument dieselfde volgorde van gebeure as die novelle? |
| **Motivering van begrip in antwoord** | **Taalversorging en netjies en leesbare werk** |
| Kon jy verbande trek tussen die vraag en die relevante dele in die teks en het jy dit gebruik om jou antwoord te motiveer? | Het jy jou antwoord weer gelees en jou taalgebruik noukeurig versorg? |
| Het jy jou begrip van die novelle gemotiveer met ten minste twee aanhalings uit die teks? | Is die finale weergawe van jou antwoord netjies, leesbaar en gereed vir aanbieding? |

**Rubriek vir assessering van langvraag** (bl. 34–35)

Op bladsye 34–35 verskyn 'n rubriek wat gebruik kan word om leerders se antwoorde op die langvraag te assesseer. Die rubriek moet vooraf aan leerders verskaf word en deeglik in die klas behandel word. Leerders moet daarmee vertroud wees en presies verstaan hoe hul antwoorde geassesseer gaan word.

## Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering 2

### Vraag 1 [20 punte]

Hoofpunte vir die beantwoording van die langvraag:

- ✓ Beskryf Ameera se besoek en beide se droom om ruimtereisigers te wees. XOX wat kort-kort verskyn het op die rekenaarskerm, 3D-brille en iets wat begin spin het. Pikdonker in die Rover.
- ✓ Beskryf die ligpers lug, groen skynsel van die son, goudgeel gras – alles anders as op Aarde.
- ✓ Beskryf tweeling Zip en Zap, óf Hare, óf Zip en Zap se ouers. Verwys na fisieke voorkoms.
- ✓ Eie mening oor die einde van hierdie novelle.

Leerders behoort uit te kom by die besef dat dit wat 'n mens het, nie so sleg is as wat 'n mens dink nie. Mens wil soms dinge anders hê terwyl dit wat jy het tog die lekkerste is. Leerders kan ook uitkom by die idee dat dit belangrik is om in jouself te glo. Moenie dat ander jou vertel dat jy iets nie kan doen voor jy nie eers probeer het nie.

### Vraag 2 [20 punte]

Hoofpunte vir die beantwoording van die langvraag:

- ✓ Bernard: uitgesluit gevoel, nie goed in Wiskunde nie, kan nie meer deelneem aan atletiek weens besering. Broers maak van hom 'n bespotting en gee hom byname. Christof laat hom minderwaardig voel oor Wiskunde. Henk noem hom kleinsus en klap hom gereeld op sy rug.
- ✓ Hy wen die naelloop op Planeet XOX. Dit gee hom selfvertroue. Hy maak vriende. Sy vriendskap met Ameera verdiep.
- ✓ Hy tree met selfvertroue op. Ontwikkeling / progressie in hom as karakter. Hy is gelukkiger aan einde van die verhaal. Hy verbaas sy broers en sal nie meer toelaat dat hulle neerkyk op hom nie.
- ✓ Haal direkte en toepaslike aanhalings aan uit die novelle.

| Rubriek vir assessering van langvraag | | | | [Totaal: 20 punte] |
|---|---|---|---|---|
| Kodes | Punte (12) | **Interpretasie, inhoud & motivering**<br>• **Interpretasie van vraag**<br>• **Begrip van die novelle se inhoud**<br>• **Motivering van begrip in antwoord**<br>**(12 punte)** | Punte (8) | **Struktuur, logika & taalversorging**<br>• **Struktuur van antwoord**<br>• **Logiese vloei van argument**<br>• **Taalversorging en netjiese en leesbare werk**<br>**(8 punte)** |
| **Kode 7** 80–100% | **10–12** | • Uitstekende interpretasie van vraag. Leerder het die vraag goed bestudeer en verstaan dit ten volle.<br>• Uitstekende begrip van die verhaal. Leerder kan op uitsonderlike wyse die verhaal op die letterkundige aspekte toepas.<br>• Leerder lê uitstekende verbande tussen dele van die verhaal en motiveer antwoord uitstekend uit die verhaal. | **7–8** | • Uitstekende samehang in antwoord, met ’n indrukwekkende begin, middel en slot.<br>• Argument is uiters logies aangebied en is besonder goed gestruktureer. Dit volg die verhaalgebeure presies en noukeurig.<br>• Uitsonderlike taalversorging; taal is byna foutloos. Die styl en register van aanbieding is indrukwekkend. Die antwoord is uiters netjies aangebied. |
| **Kode 6** 70–79% | **9** | • Bogemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het die vraag bestudeer en verstaan dit baie goed.<br>• Bogemiddelde begrip van die verhaal. Leerder kan die verhaal baie goed toepas op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder lê baie goeie verbande tussen dele van die verhaal en motiveer antwoord goed uit die verhaal. | **6** | • Bogemiddelde samehang in antwoord, met ’n baie goeie begin, middel en slot.<br>• Argument volg ’n goeie logiese struktuur en is goed gestruktureer. Dit volg die verhaalgebeure korrek.<br>• Bogemiddelde taalversorging. Antwoord is in goeie styl en register, byna foutloos en is baie netjies aangebied. |
| **Kode 5** 60–69% | **8** | • Goeie interpretasie van vraag. Leerder het die vraag korrek verstaan.<br>• Goeie begrip van die verhaal. Leerder kan die verhaal toepas op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder kan goeie verbande lê tussen dele van die verhaal en motiveer die meeste argumente uit die teks. | **5** | • Goeie samehang in antwoord, met ’n goeie begin, middel en slot.<br>• Argument volg meestal ’n logiese struktuur en dit volg die verhaalgebeure meestal korrek.<br>• Goeie taalversorging. Min taalfoute, en goeie styl en register. Die antwoord is afgerond en netjies aangebied. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Kode 4**<br>50–59% | **6–7** | • Gemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het die vraag grotendeels reg verstaan.<br>• Alledaagse begrip van die verhaal. Gemiddelde toepassing van die verhaal op die letterkundige aspekte wat gevra is.<br>• Leerder lê slegs basiese verbande tussen dele van die verhaal. Die antwoord is slegs ten dele gemotiveer uit die verhaal en argumente uit die teks word nie altyd oortuigend gemotiveer nie. | **4** | • Struktuur van antwoord is gemiddeld, met 'n gemiddelde begin, middel en slot.<br>• Argument volg nie altyd 'n logiese struktuur nie en dit is soms moeilik om te volg. Dit volg nie altyd die verhaalgebeure nie.<br>• Gemiddelde taalversorging. Taalfoute kom voor; styl en register is gemiddeld. Die antwoord is basies afgerond en aangebied. |
| **Kode 3**<br>40–49% | **5** | • Ondergemiddelde interpretasie van vraag. Leerder het nie die vraag verstaan nie.<br>• Ondergemiddelde begrip van die verhaal. Leerder sukkel om die verhaal toe te pas op die letterkundige aspekte.<br>• Leerder sukkel om basiese verbande tussen dele van die verhaal te lê. Argumente uit die teks word nie oortuigend gemotiveer nie. | **4** | • Antwoord wys gebreke in beplanning, sonder 'n duidelike begin, middel en slot.<br>• Argument volg nie 'n logiese struktuur nie en is moeilik om te volg. Dit volg nie die verhaalgebeure nie.<br>• Leerder se taalversorging is ondergemiddeld. Baie taalfoute kom voor. Styl en register is nie gepas nie. Die antwoord is onafgerond aangebied. |
| **Kode 2**<br>30–39% | **4** | • Misinterpretasie van vraag. Leerder het nie die vraag verstaan nie.<br>• Swak begrip van die verhaal. Swak / geen toepassing van die verhaal op dit wat gevra is.<br>• Leerder kan baie min verbande lê tussen dele van die verhaal en daar is baie min motivering vir enige argument. | **3** | • Antwoord is swak en daar is geen bewyse van beplanning vir 'n duidelike begin, middel en slot nie.<br>• Argument volg nie logies nie en is moeilik om te volg. Dit volg nie die verhaalgebeure nie.<br>• Taalversorging is swak met baie taalfoute. Styl en register is nie gepas nie. Die antwoord se afronding is swak. |
| **Kode 1**<br>0–29% | **0–3** | • Misgetas. Totale verkeerde interpretasie van vraag wat bewys dat leerder die vraag glad nie verstaan het nie.<br>• Leerder ken nie die verhaal nie. Baie min / geen toepassing van die verhaal op dit wat gevra is nie.<br>• Swak begrip en swak interpretasie van verhaal. Geen relevante motivering uit die verhaal in die antwoord nie. | **0–2** | • Geen struktuur in antwoord nie; min tot geen beplanning sigbaar. Dit is moeilik om die begin, middel en slot te identifiseer.<br>• Argument volg nie logies nie. Die antwoord is deurmekaar aangebied.<br>• Leerder se taalversorging is uiters swak; volop taalfoute. Styl en register totaal onvanpas vir skryfwerk. Antwoord is slordig aangebied. |

## Antwoordgidse vir die volgende novelles is beskikbaar:

Graad 7 | Graad 8 | Graad 9

**Afrikaans Huistaal:**

Graad 7:



Graad 8:



Graad 9:




**Afrikaans Eerste Addisionele Taal:**

Graad 7:





Graad 8:




Graad 9:



**Engels Huistaal:**

Graad 7:




Graad 8:




Graad 9:



**Engels Eerste Addisionele Taal:**

Graad 7:



Graad 8:



Graad 9:




**isiXhosa Huistaal:**

Graad 7:



Graad 8:



Graad 9:



OXFORD
UNIVERSITY PRESS

www.oxford.co.za

PROUD SHAREHOLDER
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

ISBN 978 0 199 04814 4

SOUTHERN AFRICA